## COPYRIGHT CLEARANCE COVER PAGE FOR COPIES MADE BY THE NORTH-WEST UNIVERSITY (NWU)

**This material has been copied for educational use. It is not for resale and must not be redistributed.**

---

## KOPIEREGKLARING-DEKBLAD VIR KOPIEË GEMAAK DEUR DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT (NWU)

**Hierdie materiaal is vir opvoedkundige gebruik gereproduseer. Dit mag nie herverkoop of verder versprei word nie.**

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

## HOOFSTUK 3

## Geskiedenis van die Kerkreg

Die opskrif moet nader gekwalifiseer word as die ontwikkeling van die kerkreg in die loop van die kerkgeskiedenis.

Om die ontwikkeling te kan beoordeel en nie in 'n soort "kerkregs-positivisme" te verval nie, moet altyd in gedagte gehou word dat kerkreg wesentlik ius Divinum is en dat "Das göttliche Recht ist seiner Natur nach unveränderlich". (W.M. Plöchl : Geschichte Des Kirchenrechts. I. Verlag Herold-Wien München p. 20).
Die ontwikkeling van die kerkreg moet in die lig van die Woord van God gesien word. Waar daar veranderinge in die geskiedenis aan die kerkreg teweeg gebring is, moet dit altyd weer aan die Woord getoets word om te sien of die menslike instrumente deur wie Christus die reg vir sy kerk wil vorm, nie self Wetgewer gaan speel het nie.

### 3.1 Die Ontwikkeling in die N.Testamentiese tyd

Hierdie ontwikkeling is tegelyk 'n normatiewe aanduiding in die bestaan van die kerk self van wat die reg van die kerk behoort te wees. Dit is deel van die openbaring.

Nadat Jesus gedoop en so in die openbaar aangewys is as die Christus (Matth. 3:17) en Hy deur die Gees na die woestyn gelei is om deur satan versoek te word, het Hy begin om sy kerk te vergader deur sy prediking en die roeping van die twaalf (Matth. 4:17 en 18).

Dié wat Hy so vergader sou Hy ook leer (vgl. Matth. 4:19) en aan hulle opdra om ander te leer (vgl. Matth. 10 en Matth. 28:18,20).

In die Evangelies het ons dus die prototipe van die kerk as instituut in Jesus met sy dissipels rondom Hom. Hoewel nadere organisasie nog ontbreek is dié kerk reeds volledig in die sin dat Jesus as Hoof van die dissipelkring hulle leer en regeer (vgl. vir die toepassing van die tug o.a. die verskillende bestraffinge van die dissipels; soos o.a. in Matth. 16:23; die bekende vermaninge 18:15 e.v.; en 20:22 aan die adres van die seuns van Sebedeüs).

Reeds tydens sy optrede laat Jesus egter begryp dat Hy die wat aan Hom behoort deur die diens van die Apostels persoonlik, aanvanklik, sou vergader tot lering en regering en om die prediking aangaande

................/ 42

die koninkryk voort te sit. Aanduidings daartoe vind ons reeds in o.a. Matth. 4:19; 9:35 en hfs. 10. Duidelik word dit egter in Matth. 16:13-19 gestel dat Hy sy kerk sou bou op die fondament van die Apostels. Samevattend word dit tenslotte in Matth. 28:18-20 getoon dat die Christus sy kerk op aarde vergader, onderhou (leer en regeer) en bewaar tot roepingsvervulling (vgl. Matth. 5) deur die diens van mense; aanvanklik die apostels.

In Handelinge vind ons die nadere kerkregtelike ontplooiing van wat reeds in die prototipe van die kerk in die Evangelies en in die opdragte aan die twaalf aanwesig was.

Nadat die belofte dat die Heilige Gees oor hulle sou kom vervul is met pinkster, kom die Jerusalemse kerk tot stand (Handelinge 2:41) wat deur die prediking en die sakramentsbediening van die apostels opgebou is (Handelinge 4:42 e.v.). Die apostels <u>leer</u> en <u>regeer</u> alleen in die Naam van Christus gedurende die eerste periode (vgl. ook Handelinge 5). Daarna word die werk vir hulle te veel en kom daar differensiëring in die één amp wat in die apostels saamgetrek was (Handelinge 6).

Die sewe manne vol van die Heilige Gees word gekies tot die diakenamp, (vgl. oor die nuwere opvatting in navolging van Van Meyenfeldt : my Diktaat oor die Kerkregeringstelsels 1976).

Tenspyte van alle ontkennings dat Handelinge 6:2,3 die locus classicus is vir die instelling van die diakenamp met armversorging as dié inhoud (die diaken sou as kernopdrag hê om komponis van die gemeenskap te wees; die vraag is of die ouderling en predikant dit nie ook is nie) is almal dit tog weer eens daarmee dat die diakenamp wel ook iets met armversorging te doen het.

Plöchl sê dat die diakens funksies van sielsorglike en charitatiewe aard gehad het. Hulle het gepreek, gedoop en die armes van die gemeente versorg. Hierdie opvatting rus op wat later aangaande die arbeid van Philippus, een van die sewe, verhaal word.

Benewens die instelling van die diakenamp kom in Handelinge 6 ook aan die lig dat Christus die mense wat Hy in sy diens gebruik wil aan-

wys deur die keuse van die gemeente (6:5). Plöchl vind egter twee vorme van verkiesing tot die amp in die N.T. 1) dié in medewerking met die gemeente (Handelinge 1:23 en 6:3) en 2) die direkte deur die apostels (1 Tim. 4:7). In Handelinge 11:30 word gespreek van die ouderlinge (in Jerusalem) aan wie die Antiocheense kerk gawes, tot verligting van die hongersnood, stuur deur bemiddeling van Saulus en Barnabas. Waarskynlik was die ouderlinge, presbiters, manne wat aanvanklik kragtens hulle leeftyd en geestelike gawes vanself die leiding geneem het in die huisgemeentes (vgl. H. Bouwman, Gereformeerd Kerkrecht I p. 87). Ander weer beweer dat die ouderlingskap uit die oudstes van die sinagoge ontstaan het.

Soveel is egter duidelik ook uit Handelinge 15 en 1 Tim. 3 dat die ouderlingamp 'n verdere differensiëring van die apostelamp was. Aan die presbiters of episkope (vgl. Handelinge 20) is opgedra die regering van die kerk. In die apostoliese tyd saam met en onder leiding van die apostels (vgl. Handelinge 15) en daarna het die regering by die ouderlinge berus onder leiding van een van hulle (vgl. Handelinge 21:18). Volgens Plöchl was daar van die begin af 'n onderskeid tussen die presbiters en episkope. Eersgenoemdes was priesters (na analogie van die O.T.) en laasgenoemde die voorganger, biskop of opperherder wat aanvanklik saam met die presbiters en diakens die kerk regeer het. Hierdie onderskeid kan egter nie op skrifgronde gehandhaaf word nie. Handelinge 20 is alleen al genoeg om hierdie standpunt onhoudbaar te maak. Die N.T. vermeld ook nog die gawes wat in die eerste tyd gedien het tot opbou van die gemeente vgl. 1 Kor. 12:1-31. Nog in die apostoliese tyd ontwikkel uit die presbiter of biskopsamp ook die predikamp. Daar was die ouderlinge wat gearbei het in Woord en leer (1 Tim. 5:17) en Paulus gee opdrag dat die apostoliese leer toevertrou moet word "aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer" (vgl. 2 Tim. 2:2). Die sleutelmag waarvan o.a. sprake is in Matth. 16:19 en wat bestaan in die bediening van die Woord (Markus 16:15,16) en die ban of uitsluiting uit die koninkryk van die hemele (vgl. Johannes 20:22,23 en 1 Kor. 5:3-5; Titus 3:10 en 11) is toevertrou aan die apostels wat dit weer aan die presbiters toegewys het. (Vir die vraagstuk oor die gesag van die gemeente veral met betrekking tot die tug soos Christus dit in Matth. 18:15 e.v. voorskryf vgl. my diktaat oor die Kerkre-

gering Deel IV 1977, by art. 74).

Saamvattend leer die Heilige Gees ons in die N.T. dat Christus sy kerk vergader, onderhou en beskerm (regeer) deur mensediens. Die mense het Hy self eers aangewys : die Apostels. En onder leiding van die Heilige Gees het organies drie ampte, die van die predikant, die ouderling en diaken uit die apostelamp gegroei. Die ouderlinge regeer gesamentlik (vgl. o.a. Handelinge 15) en die kerke staan nie los van mekaar t.o.v. die regering nie (vgl. Handelinge 15) vgl. oor die onderlinge verband van die kerke my diktaat 1976.

Die aan wie die ampte toevertrou is, is deur die gemeente gekies, maar hulle kry hulle opdragte van Christus self. Hulle is, soos die apostels, geroepenes van Christus wat net sy opdragte moet uitvoer. Christus alleen is die opperherder en sy diensknegte is almal gelyk onder Hom.

Plöchl soek egter reeds in die Jerusalemse gemeente die oorsprong van die monargiese episkopaat. Jakobus sou volgens die oudste bronne die opperherder van die Jerusalemse gemeente gewees het. Hy is egter nog nie die absolute heer van die kerk nie, die raad van oudstes of priesters het onder hom nog deel gehad aan die leiding van die gemeente.

Na die dood van die Apostels het aan die einde van die eerste eeu die Jerusalemse monargiese, plekgebonde, voorganger en "Ratskollegien" van oudstes die vaste organisasie van die kerk geword.

Plöchl dring egter vanuit sy Roomse standpunt, sonder enige nadere eksegese of ander bewyse die Roomse hiërargiese stelsel van Kerkregering aan die kerk in die N.T. op.

3.2 <u>Die ontwikkeling gedurende die na-apostoliese tyd tot in die 2e eeu.</u>

As gevolg van karige gegewens word 'n donker tydperk betree as die ontwikkelinge op kerkregtelike gebied teen die einde van die eerste en gedurende die tweede eeue ondersoek word. Uit die paar bronne: die brief van Clemens van Rome aan die Korinthiërs; die sewe briewe van Ignatius, biskop van Antiochië in Sirië; die brief van Polycorpus van Smirna; die Didaché; die Pastor van Hermas, kan egter 'n duidelike beeld van die organisasie van die kerk gedurende die tyd

......../45

verkry word (vgl. J.B. Lightfoot : The Apostolic Fathers. Baker Book House, Michigan vir vertaalde manuskripte. Verder : The Apostolic Fathers in Loeb Classical Library, vir oorspronklike griekse teks met vertaling).

Uit hierdie bronne is dit duidelik dat die plaaslike kerke geregeer is deur die presbiters onder die leiding van die biskop. Bouwman beweer dat die gemeente in die tyd self oordeel oor die leer; orde en tug "al is het, dat zy zich daarvoor bedient van hare organen, de ambtsdragers". (I pp. 113/4). Dit kom my egter voor dat hy die saak eensydig voorstel. Hoewel Clemens in sy brief aan die Korinthiërs nadruk daarop lê dat die Apostels biskoppe en presbiters benoem het en hulle later benoem is deur "other men of repute with the consent of the whole Church", blyk dit nêrens in die brief, of in dié van Ignatius of Polycarpus, dat die ampsdraers in die tyd organe, d.w.s. uitvoerders van die gesag, van die gemeente is nie. Waar Bouwman hom beroep op die brief van Clemens 44.3 vir die verkiesing van ampsdraers deur die meerderheid van stemme, blyk uit die vertaling dat daar alleen sprake is van die aanstelling deur "men of repute with the consent of the whole church".
In 54 is verder sprake dat iemand (blykbaar 'n ampsdraer) wat edel, simpatiek en vol liefde is, sal uittree as daar deur hom stryd en partyskappe sou ontstaan in die gemeente. Hy sal uittree as die gemeente wil en doen "which is ordered by the people : only let the flock of Christ be at peace with its duly appointed presbyters". Hieruit kan seker nie afgelei word dat die ampsdraers organe van die gemeente is wat hulle kan ontslaan nie.

Volgens Clemens het die apostels die Evangelie van Christus ontvang en dit verkondig. Uit die eerstelinge van die prediking is, nadat hulle beproef is biskoppe (presbiters) en diakens aangestel. Die gemeente moet hulle aan die presbiters onderwerp (57). Dit wil voorkom of hy episkopos en presbuteros soms nog as sinonieme gebruik.

Ignatius skryf vanaf Smirna op sy reis na Rome as gevangene aangaande Onesimus, die biskop van Efese op so 'n wyse dat hy as dienskneg van Christus na vore tree en van Burrhus die diaken (aan Efese 1 en 2) sowel as aan Zotion die diaken van Magnesia (aan Magnesia 2) as

sy mededienskneg te. Die biskop gee maar net die bevele van Christus deur aan die kerk (aan die kerk van Tralles (7)).

Dieselfde gedagte kom na vore in al die ander briewe van Ignatius. Hy beklemtoon dat die eenheid van die kerk geleë is in die onderwerping aan die biskop en die presbiterium. (Aan die Efesiërs). Die biskop het die leiding en na hom moet geluister word, anders word God weerstaan. (Vgl. aan die kerk van Tralles (2 en 13)); Filadelphia (7). Die biskop is voorsitter en die presbiters vorm 'n vergadering soos die apostels en aan die diakens is die diakonaat van Christus toevertrou (Aan Magnesia (6)). Die gemeente moet niks doen sonder die biskop en die presbiters nie. (Aan Magnesia (7)); vgl. ook Aan Smirna (8) 'n brief wat van Troas af geskryf is). Die diakens moet geag word soos Jesus self, die biskop as 'n tipe van die Vader en die presbiters soos die Kollege van die apostels (Aan Tralles (3)). Wie sonder die biskop, presbiters en diakens handel is buite die heiligdom en het nie 'n rein gewete nie (Aan Tralles (7)). Aan Polycarpus (6) skryf hy dat die presbiters ondergeskik is aan die biskop. Aan Smirna weer dat waar die biskop is moet die volk wees, "even as where Jesus may be, there is the Universal Church" (8). Aan die biskop is die leiding van die erediens opgedra.

Uit hierdie briewe is dit duidelik dat die organisasie van die Kerk teen die einde van die le eeu (95 Clemens) en aan die begin van die 2e eeu nog is soos die apostels dit ingestel het. Daar is al egter tekens dat die biskop deur Ignatius, terwille van die eenheid van die kerk in die vervolginge en die leersuiwerheid teen die Judaïsme veral, tot 'n magsposisie verhef word. Hoewel hy nog nie die indruk skep dat die presbiters reeds priesters is wat net raadgewers en assistente van die biskop is nie, soos Plöchl dit voorstel nie, is dit tog so dat by Ignatius reeds die kiem van die latere hierargie aanwesig is. Die biskop is vir hom wel nog primus inter pares, maar tog so dat hy begin uitstyg onder die presbiters om iets van 'n opperherdersfiguur te vertoon.

Plöchl se kategoriese uitspraak dat in die tyd reeds onderskei is tussen biskop, presbiter (priester) en diaken in die sin dat die presbiter net 'n raadgewer en assistent, veral by die misoffer, vir die biskop was, word weerspreek deur die brief van Polycarpus aan

......../47

die Filippense. Hulle moes hulle, so skryf hy, aan die presbiters en diakens onderwerp. Die taak van die presbiters was om huisbesoek te doen by die swakkes, weduwees en wese. Hulle moes ook die skape wat wegdwaal terug bring (6). Voorts moes die presbiters voldoen aan strenge vereistes. Hulle moes eerbaar wees voor God en die mense; hulle weerhou van alle uitbarstings van toorn, van onregverdige oordeel, van liefde vir geld; hulle moes nie gou wees om iets teen enige persoon te aanvaar nie; nie haastig wees om te oordeel nie omdat ons almal sondaars is (aan die Filipp. (6)).

Ook die Didaché laat die gewone ampte : biskop, presbiter en diaken duidelik op die voorgrond tree.

Anders as in bogenoemde briewe word hier ook aandag gegee aan die charismatiese gawes. Blykbaar het die kerke teen die einde van die eerste eeu probleme met die persone gehad. Die Didaché skryf dan voor dat 'n apostel met eerbied ontvang moet word, (asof die Here self). Hy moet egter getoets word. As hy langer as 'n dag of twee bly, is hy vals, en ook as hy nie tevrede met brood is nie maar geld vra. Profete wat anders handel as wat hulle sê is ook vals, en as hulle in die Gees geld vir hulle self vra (11).

Ware profete en leraars moet versorg word (13).

Hier word klaarblyklik in 'n oorgangsperiode geworstel met die beproewing van die geeste of hulle uit God is of nie. Die kerklike organisasie was reeds gesentreer om die gewone ampte van biskop, presbiter en diaken. Sporadies het daar nog persone wat voorgegee het dat hulle besondere gawes het in die gemeentes verskyn. Maar omdat die gawes al hoe minder voorgekom het was dit noodsaaklik om teen bedrieërs wat die kerke wou uitbuit, te waak.

In hierdie periode is daar 'n lewendige "verkeer" tussen die kerke soos blyk uit die korrespondensie van Clemens, Ignatius en Polycarpus. Die eenheid tussen die kerke in gehoorsaamheid aan Christus word deur die briewe bevorder en ook deur afgevaardigdes. So is daar na verskillende kerke biskoppe en diakens te Smirna om Ignatius op sy reis te bemoedig. Voorts versoek Igantius in elke brief dat of deur die brief of deur 'n afvaardiging 'n bemoediging van die kerke

na dié van Antiochië, waar hy biskop was, moet uitgaan. Ignatius praat selfs in 'n brief aan Polycarpus van Smirna dat hy 'n godsalige vergadering (konsilie) moet byeenroep om iemand onder hulle te kies as 'n afgevaardigde na Sirië (Antiochië)(aan Polycarpus (7)).

Hoewel daar nog nie sprake is van Sinodes nie is die onderlinge hulpbetoon terwille van die eenheid in leer en kerkregering, tog nie nagelaat nie.

Plöchl wil die bemoeienis van Clemens van Rome met die Korinthiërs egter nie in die lig sien nie, maar as 'n bewys dat die primaat van Rome reeds in 95 erken is. Hy beroep hom ook op die brief van Ignatius aan die Romeine vanaf Smirna waarin hy hulle versoek om nie ten behoewe van hom by die owerheid in te tree nie, want hy wil graag as martelaar sterf. In die brief noem hy Rome die stad wat presideer oor al die Romeinse stede, waardig voor God en eerwaardig, sowel as prysenswaardig. Ignatius erken dat Rome 'n besondere plek waardiglik in die Ryk inneem, maar nie, soos Plöchl beweer nie, dat die kerk te Rome verhef is bo alle ander kerke nie. Vgl. aan die Romeine 1 en 2). Die verste wat hy gaan is om te sê dat die kerk te Rome ander onderrig : hulle is leermeesters (3).

## 3.3 Die ontwikkeling gedurende die 3e en 4e eeu

### 3.3.1 Die Monargiese Episkopaat

Aan die begin van die 2e eeu is daar reeds, soos aangetoon, tekens dat die kerklike mag alhoemeer in die biskop sou saamtrek. Presies wanneer die oorgang tot die Monargiese episkopaat (d.w.s. uitoefening van die absolute koninklike mag deur die biskop) plaasgevind het, is moeilik om aan te dui. Uit die bronne wat voorhande is lyk dit asof dit 'n proses was wat gedurende die 2e eeu begin en in die 3e eeu tot wasdom gekom het.

Soveel is duidelik dat die opkoms van die dwaalleer veral stukrag aan die ontwikkeling gegee het. Waar in die apostoliese tyd, sowel as gedurende die begin van die 2e eeu, die presbiter wat die leiding geneem het in die presbiterkollege en ook in die erediens, nog die primus inter pares was, het hy langsamerhand al hoe meer op die

......../ 49

voorgrond getree as die episkopus - die biskop - wat regeer met behulp van die presbiters en diakens,

Dit tug is egter gedurende die 2e eeu tenspyte van die verhewe posisie van die biskop soos reeds uit die briewe van Ignatius geblyk het - nog deur die presbiters gesamentlik uitgeoefen.
Marcion moes in Rome voor die presbiters verskyn en Noëtus is deur die presbiters van Smirna veroordeel. Selfs in die 3e eeu sê Cyprianus nog dat hy nooit sonder die raad van sy presbiterium en selfs die gemeente gehandel het nie.

Gedurende die 2e en 3e eeue kom die vraag na die waarheid al sterker op die voorgrond in die stryd teen die Gnosticiste, Marcioniete en Montaniste. By wie berus die leergesag? Irenaeus benadruk dan dat die biskoppe dit van die apostels ontvang het. Daarom berus die ware leer by die biskoppe. Die apostoliese tradisie is voortgeplant deur die onafgebroke ry van biskoppe vanaf die apostels. Die sg. apostoliese suksessie was die waarborg vir die ware leer teenoor alle ketterse afwykinge. Biskopslyste van die vernaamste apostoliese setels is saamgestel en die apostoliese tradisie het volgens Irenaeus veral in Rome waar Paulus en Petrus was gekonsentreer. Deur handoplegging vanaf die apostels is die waarheid so van die apostels langs die onafgebroke linie van hulle opvolgers oorgelewer.

Die toenemende gesag van die biskop in die plaaslike kerk het egter vanself uitgeloop op die vraag na watter biskop die hoogste gesag het. Vanaf die helfte van die 3e eeu toe die monargiese episkopaat plaaslik 'n voldonge feit geword het, is biskop sinodes gehou om so die konsensus van biskoppe teen die ketters te kry. Tog het dit nie verhoed dat daar 'n stryd om die primaat onder die biskoppe ontketen is nie. Cyprianus het steeds vasgehou aan die gelykheid van alle biskoppe. Die biskoppe van Rome, veral onder leiding van Calixtus (3e eeu) en Stefanus, het egter die primaat van die biskop van Rome geproklameer veral op grond van Matth. 16:18. Calixtus noem homself pontifex maximus en episcopus episcoporum.

Petrus was biskop van Rome. Sy graf is volgens Plöchl in die St. Peterskerk te Rome deur Argeoloë onbetwisbaar uitgewys. Christus

......../50

het hom bo die apostels verhef deur 'n besondere gesag aan hom toe te ken. "Und in dieser Gewalt ist der Kern des Primats zu sehen" (Plöchl p. 51). Hy het die besondere gesag aan sy opvolgers te Rome oorgedra. Daarom kom die primaat die biskop van Rome toe. Plöchl se bewering het egter geen historiese steun nie, tenspyte van sy beroep op argeoloë.

Aanvanklik is die eis - o.a. deur Cyprianus - afgewys hoewel daar tog hoë agting vir Rome was, soos reeds blyk uit die brief van Ignatius. Cyprianus erken die oppergesag van die biskop en sê al die biskoppe saam is die kerk. In die praktyk het baie egter hoë prys gestel op die raad en instemming van die biskop van Rome in sake waaroor daar dispuut ontstaan het. Die stryd om die primaat sou egter nog tot in die tyd van Gregorius I duur voordat dit mede deur politieke omwentelinge ten gunste van Rome en sy biskop besleg is; én toe ook maar net in die Weste.

Hoewel die stryd om die primaat nog gewoed het, het die monargiese episkopaat, in soverre dit die plaaslike kerk geraak het vanaf die 2e helfte van die 3e eeu op grond van die leer van die apostoliese suksessie, finaal beslag gekry.

3.3.2 <u>Clerus en Leke</u>

Die biskopsamp het soewerein geword. Die sleutel van die leer, regering en tug was net in die hande van die biskop. Volgens die Didascalia, 'n geskrif uit die helfte van die 3e eeu, is die biskop die middelaar tussen God en die gelowiges. Daarmee is daar ook 'n onderskeid tussen Clerus en leke in die lewe geroep.

Die clerus was die biskop met al sy ondergeskiktes : Nadat die biskop die absolute heerser in die kerk geword het, het die presbiters en diakens sy helpers en dienaars geword. Hy het van sy mag na omstandighede aan hulle gedeligeer. Volgens Plöchl het die presbiters of priesters eers geassisteer by die bediening van die eucharist, priesterwyding en versoening van boetelinge. Later is aan hulle reg gegee om self die bediening - in naam van die biskop - waar te neem, in gevalle waar die biskop nie bereikbaar was nie. Die diakens was ook helpers van die biskop. Daar was ook sub-

diakens en akoulutlie (helpers van die subdiaken)
Lektore Ostiarii (beheerders van kerkgoedere).

Hierdie ondergeskiktes is saam met die biskoppe die Clerici genoem. Hieronymus verklaar die onderskeid tussen die klerus en leke op grond van die O.Tiese klêros = lot of erfdeel van die Here en dat die Here weer hulle lot of erfdeel is. So is die Biskop en sy ondergeskiktes die erfdeel van die Here en hulle sy erfdeel. Teenoor hulle staan die laōs of die volk.

Die klerus is dan die stand wat aan God en sy diens gewy is terwyl die leke tot die gewone profane volk behoort.

Die term ordinasie van die klerus is ontleen aan die Romeinse sosiale ordening. Daar is gepraat van die stand van die leke, terwyl die geestelikes by die ordo behoort het. Die ordo was in die Romeinse samelewing ŉ gekwalifiseerde stand van hoër ordening wat deur die amp of geprevilige erde posisie hoeëre regte en besondere pligte meegebring het.

Die klerus het tot die ordo clericalis behoort. Hulle hoër posisie as eiendom van die Here, gewy aan sy diens het meer regte en besondere pligte gebring wat hulle onderskei het van die gewone kerkvolk - die leke. Die wat in die klerikale stand opgeneem is is georden of het deel gehad aan die ordinasie (Ordini clericorum adscribere).

Die ordening het gepaard gegaan met ŉ wydingsakte en so het die begrip ordonatio later van die opname self verskuif om die wydingsakte aan te dui. In die sin het ordinasie dan ŉ terminus Technicus geword. Tertullianus het die term die eerste gebruik.

### 3.3.3 Streeksorganisasie

Met die vestiging van die Monargiese episkopaat het ook ŉ streeksindeling gepaard gegaan. Waar die gemeente in die stede te groot geword het, het die biskop dit in streke gedeel en sy gesag in die streke waar hyself nie kon wees nie oorgedra aan ŉ presbiter of diaken. So is Rome in 236-250 onder biskop Fabianus in sewe diakonië ingedeel.
Op die platteland het daar ook biskopsetels ontstaan, soms te inflasionisties (Plöchl), sodat bepaal is dat ŉ gemeente minstens 12

......./ 52

manslede moes hê voordat hulle 'n biskop kon beroep. Hierdie landelike biskoppe het volle gesag in hulle streke gehad maar was self weer aan die stadsbiskoppe ondergeskik. Die stadsbiskoppe moes hulle heilig (wy) en hulle (landelike biskoppe) kon net as hulp van die stadsbiskop in die katedrale die mis bedien. Hulle kon ook net laere geestelikes wy; die priesterwyding het net by die stadsbiskoppe berus.

Die streeksorganisasie het mettertyd uitgebrei en dit het tot gevolg gehad dat dogterkerke in die sfeer van die moederkerk betrek is. Kleiner kerke het hulle om groter moederkerke gegroepeer. Op die wyse het die kerklike sentra (Metropole) soos Antiochië, Jerusalem, Caesarea, Rome, Karthago, Alexandrië, ontstaan. Volgens 'n hipotese, wat nie bewys is nie sou die streekindeling van die kerk sedert die Sinode van Nicaea die siviele indeling veral van Diocletianus, gevolg het (Plöchl).

3.3.4 <u>Die Ontstaan van Sinodes</u>
Plöchl verklaar dat die Sinodes of kerklike vergaderings, wat aanvanklik uit verteenwoordigers van die streke of provinsies saamgestel is, hul oorsprong het in navolging van die jaarlikse samekomste van verteenwoordigers van die Romeinse provinsies, In die samekomste is die gode en die Keiser onder leiding van die Pontifex van die provinsie, waar die byeenkoms gehou is, vereer. Spoelstra (Gesag van die Sinode, Lesing voor die Kerkhistoriese werkgemeenskap 1977) stem met Plöchl saam dat die idee van Kerkvergadering, konsilies en sinodes eerder uit "die invloed van die Romeinse regsdenke en polities-maatskaplike (selfs religieuse) praktyke" voortkom.

Die kerklike organisasie en sinodes insoverre dit die onderlinge band tussen die plaaslike kerke betref is dan geïnspireer deur en geskoei op die lees van die Romeinse staatsinrigting.

Dat die Romeinse staatsinrigting en veral die provinsiale samekomste in die praktyk invloed kon uitgeoefen het op die kerklike organisasie en aanleiding was dat die eerste sinodes net provinsiale sinodes was, hoef nie betwis te word nie. Dat die oorsprong van die sinodes egter daarin gesoek moet word is seker nie te verantwoord nie.

......../53

Die N.T. beklemtoon naas die selfstandigheid van die plaaslike kerk (vgl. die duidelike aanduiding van die kerk van Rome, Korinthe, Efese, as volledige kerke in die briewe) die eenheid van die kerke in Christus eweeens. Christus is die één Hoof aan wie elke kerk onderworpe is. Daarom word die kerke vermaan om een te wees in belydenis (Hand. 11:23). Op sy reise gee Paulus aan al die kerke die-selfde organisasie en bind hulle aan dieselfde leer. Hy wek die kerke van Macedonië op om as eenheid hulle liefde te betoon deur gawes aan die kerk in Jerusalem wat gebrek ly. Hy benadruk dit dat die kerke van mekaar afhanklik is en mekaar in onderlinge hulpbetoon moet bystaan (vgl. II Kor. 8 en 9). Dit geld ook op geestelike gebied. In gevalle wat al die kerke raak kan een kerk alleen nie beslis nie. Daar moet oorleg gepleeg word. Handelinge 15 is in die verband die normatiewe voorbeeld. Hier is sprake van 'n vergadering waarby net Antiochië en Jerusalem betrokke is, saam met die apostels, en nie van 'n vergadering van al die kerke wat toe reeds op die eerste sendingreis van Paulus en Barnabas, tot stand gekom het nie. Tog lê die beginsel van meerdere raadpleging en gesamentlike beslissing met betrekking tot sake van algemene belang vir die kerke daarin dat die Heilige Gees die broeders van Antiochië ('n kerk uit die heidene) so lei dat hulle 'n afvaardiging na die kerk van Jerusalem ('n kerk uit die Jode) stuur vir beraad en beslissing tenspyte van die feit dat die apostel Paulus, wat kragtens sy apostoliese amp uitsluitsel kon gee, in hulle midde is. Dit is die enigste vergadering van die aard waarby meer as een kerk betrokke is waarvan ons in die N.T. lees. Juis dit maak die vermelding van die vergadering so belangrik met die oog op die latere organisasie van die kerk. Waar die eenheidsband deur die apostels gedurende die N.T.periode so stewig gebind is, kan dit nie anders as om die vergadering van Handelinge 15 as 'n normatiewe aanwysing vir die belewing van die kerklike eenheid op institutêre gebied in die na-apostoliese tyd te sien nie.

Kragtens die wese van die plaaslik geïnstitueerde kerk as openbaring van die liggaam van Christus is die belewing van hierdie eenheid van die kerke op institutêre vlak 'n noodwendigheid. Onderworpe aan die één Here moet hulle gesamentlik vra na die één voorskrif wat Hy gee vir die institueering en instandhouding van elke openbaring van sy

liggaam. In hierdie eenheid in Christus is die oorsprong van die Sinodes geleë. Die onderlinge hulpbetoon en gesamentlike vraag na die wil van die Koning van die kerk was van die begin af deel van die kerklike organisasie, hoewel dit nie dadelik vorm gegee het aan die meerdere vergaderings nie.

Teen die einde van die eerste eeu word nog gepoog om die wesensdrang tot gemeenskap onder die kerke te bevredig langs die weg van korrespondensie (vgl. die brief van Clemens van Rome aan die Korinthiërs) en persoonlike afvaardiging (vgl. die versoek van Ignatius aan Polycarpus dat daar afgevaardigdes na Antiochië gestuur word om die liefde van Smirna te betoon).

Hoewel daar so 'n lewendige verkeer tussen die kerke was, kon dit nie meer bevredig toe gedurende die 2e eeu die kerke al hoe meer bedreig is deur die vervolginge en dwaalleer nie. Die onderlinge afhanklikheid om onder druk van buite sowel as van binne die band met Christus en mekaar te behou het laat teruggryp op die normatiewe voorbeeld van die apostoliese tyd, soos beskryf in Handelinge 15; die kerke het saam vergader om saam te kon beslis oor optrede teen die ketters en in die vervolgings.

Tertullianus noem die byeenkomste van kerke tot onderlinge beraad en beslissing, vir die eerste maal "Concilia". Dionysius Alexandrinus praat eerste van "Synodos" volgens Eusebius in sy Kerkgeskiedenis.

Eusebius meld dat die eerste provinsiale sinode teen die helfte van die 2e eeu byeengekom het om oor die Montanistiese kettery en die Paasfeesstryd te beslis. Verskillende ander sinodes het ook in die tyd in Asië vergader om die Montanisme te veroordeel.

Vanaf die derde eeu het die provinsiale sinodes gereeld een of twee maal per jaar vergader. Uit die kerkgeskiedenis van Eusebius blyk dit dat die sinodes aanvanklik aangedui is as vergaderinge van gelowiges. Daaruit lei Sohm af dat die eerste sinodes saamgestel was uit gelowiges waaronder ook leidsliede. Bouwman meen dat Sohm tereg die afleiding maak en voeg by dat die biskop miskien in sommige gevalle as verteenwoordiger van die gemeente afgevaardig is en in ander gevalle is 'n presbiter saam met die biskop gestuur. Soms sou die gemeente deur gewone lede en nie deur ampsdraers, verteenwoordig

......../55

gewees het nie. Teen die einde van die 2e eeu was 'n sinode nie uitsluitend 'n vergadering van biskoppe nie. (Bouwman I pp. 137/8).

Volgens Plöchl is die sinodes gedurende die 2e eeu en 3e eeu saamgestel uit stedelike biskoppe, landelike biskoppe, presbiters en diakens. Volgens hom het die presbiters en diakens egter nie 'n beslissende stem gehad nie. Verder was die kerkvolk ook teenwoordig, blykbaar alleen as besoekers.

Vanaf die 4e eeu was die sinodes klaarblyklik grotendeels uit biskoppe saamgestel. Die sinodale besluite is van toe af deur die aanwesige biskoppe en soms ook deur presbiters onderteken. Met die opkoms van die monargiese episkopaat is die sinodes vanselfsprekend meer en meer verander na biskopsinodes en is die presbiters en andere uitgesluit. Nicaea (325) spreek dan ook uit dat alleen biskoppe handelende lede van 'n sinode mag wees.

3.3.5

Die Kerkregtelike ontwikkeling vanaf Konstantyn tot Theodosius I (313-381)

3.3.5.1 Die stryd om die primaat van Rome wat reeds gedurende die tweede en veral die derde eeue op die voorgrond gekom het, het 'n nuwe stoot gekry met die troonsbestyging van Konstantyn. Hy gee dadelik aan die kerk van Rome voorrang as die kerk van die hoofstad. Hy eis dat die kerk van Rome eers met alle sinode besluite moet instem voor dit geldig kan wees.

Ooreenkomstig die heidense gebruik dat die keiser - ook as Pontifex Maximus - alle seggenskap in godsdienstige sake het, het Konstantyn hom vanselfsprekend met die kerk bemoei. Hy het die uitwendige regering van die kerk in sy hande geneem ook terwille van die Ryks-eenheid. Die Keiser is hoof van die kerk.

Die kerk te Rome is bevoorreg deur skenkinge o.a. van pragtige geboue soos die St. Peters Kerk en die Lateraanse biskopspaleis.

Die kerk boots die ryksorganisasie na. 'n Kanselary is gestig en 'n register van inkomende en uitgaande stukke is aangelê.

........./56

Die kerk het ŉ eie regspraak gekry - die begin van die kanonieke reg langs die gewone reg - en Clerici is van die gewone reg uitgesluit.

Deur die ingryping van die keiser in leerstellige twiste terwille van die rykseenheid het hy alhoemeer in die rigting van ŉ sentrale kerklike gesag gestuur. Die sinodes is ŉ handige instrument vir sy doel. Hy omskep dit alhoemeer om sy wil in die kerk af te dwing. Reeds in 313 laat hy die sinode van Rome en in 314 die van Arlés byeenkom om die staatsgevaarlike Donaliste te veroordeel. Hy roep ook die sinode van Nicaea (325) saam en neem selfs die leiding van die sinode in eie hande.

Die keiser het self biskoppe aangestel en afgesit. Hy skryf aan Athanasius "Terwyl u my wil ken moet u aan almal wat tot die kerk wil toetree, ongehinderd toegang verleen. Maar terwyl ek verneem het dat u sommige verhinder het om na die kerk te kom, of hulle toegang geweier het, daarom sal ek dadelik ŉ beampte stuur, wat u op my bevel sal afsit en ná ŉ ander plek sal bring". (Aangehaal by Bouwman I p. 151).

Die Caesaropapistiese kerkregeringstelsel word ook deur Konstantyn se opvolgers gehandhaaf. Constantius II verklaar in 355 " Wat die Keiser wil moet as reël geld". (Bouwman I p. 152). Hy verban biskop Liberius dan ook totdat hy bereid was om die wil van die keiser te doen.

Die periode 313-381 is dan die periode waarin die vroeë kerk sy kerkregtelike vryheid moes inboet vir die Caesaropapistiese slawerny. Dit bevat tegelyk die kiem van die Middeleeuse stryd in die Weste tussen die Pous en die Keiser.

3.3.5.2 Die opkoms van die pousdom

3.3.5.2.1 Vanaf Theodosius I tot Chalcedon 451

Theodosius I en Gratianus verhef die kerk in 380 tot staatskerk met die verklaring dat die godsdiens wat Petrus na Rome gebring en toe deur biskop Damasus voorgestaan is, voortaan staatsgodsdiens sou wees.

Die Caesaropapisme word gehandhaaf en die primaat van Rome en die Biskop van Rome, onder die Keiser geproklameer.

Die westelike deel van die kerk aanvaar hierdie toedrag van sake egter nie. Hulle aanvaar wel op die Sinode van Rome 382 dat Rome die setel van Petrus : Cathedra Petri is en daarom die Primaat het. Maar hulle aanvaar nie die keiser as opperheer van die kerk nie. Veral Ambrosius toon metterdaad deur sy optrede eers teenoor Theodosius en daarna teenoor Valentinianus dat die Keiser alle seggenskap oor wêreldlike sake het, maar die biskop alleen oor geestelike sake.

Reeds met die proklamering van die kerk as staatskerk word die skeiding tussen Oos en Wes sigbaar. Oos sou vir die Keiser as hoof van die kerk kies terwyl die Weste uiteindelik die biskop van Rome as Pous op die kerklike troon plaas.

Damasus beywer hom om erkenning dat hy as biskop van Rome ook die hoof van die kerk is, met n beroep op die primaat van Rome soos reeds deur Cyprianus en Tertullianus geleer.

Biskop Siricius, opvolger van Damasus, handel reeds of hy Pous is (Papa - Vader, hoof van die kerk) deur n amptelike briefhoof vir dekrete as hoof van die kerk in te voer. Hy doen dit in navolging van die keiser wat sy dekrete onder sulke briefhoofde uitvaardig.

Die oudste van die dekrete is aan biskoppe van Spanje in 385 gerig. Siricius sê hy is die erfgenaam van Petrus, hy dra almal se laste en aanvaar die verantwoordelikheid vir almal. n Kerklike regswese is deur die biskop van Rome met die O.T. in die Latynse vertaling van Hieronimus (Vulgaat), as uitgangspunt ontwikkel. Die regsterme is uit die vulgaat geneem en kan so maklik toegang kry by die kerkvolk. Die dekrete van die biskop van Rome is noukeurig bewaar en dit vorm die fondament en boustene van die Kanonieke reg.

Gedurende die vierde eeu slaag die biskop van Rome wel daarin om sy sedelike mag uit te brei en handel hy as pous, maar juridies was hy nog nie assodanig erken nie.

Gedurende die vyfde eeu is n sg. brief van Clemens I, biskop van Rome nog tydens Konstantyn se lewe, aan die lig gebring waarin

Clemens aan Jakobus die broer van die Here sou geskryf het dat hy die erfgenaam van Petrus is en dat Petrus in die teenwoordigheid van die Christelike gemeenskap van Rome die sleutelmag aan hom, Clemens I, oorgedra het. Die biskoppe van Rome sou dan vanaf Clemens I Petrus se wettige opvolgers wees by testamentêre beskikking van elke opvolgende biskop sedert Clemens. Petrus sou volgens die dokument net vir Rome opvolgers benoem het en daarmee het hy Rome uitgekies vir die apostoliese suksessie. Die ganse Christenheid is daarom 'n liggaam onder die Pous as hoof.

Met die brief is dan ook bewys dat Christus bepaal het dat die regering van sy kerk monargaal moes wees. Die biskop van Rome sou dan vanaf die oorsprong van die kerk hoof daarvan wees.

Die brief sou later as 'n vervalsing ontmasker word. Maar op die tydstip - begin 5e eeu - het dit veral teen die agtergrond van die inval van die barbare in die Weste, wat 'n ontreddering vir staat sowel as kerk meegebring het, die deurslag gegee vir die juridiese erkenning van die biskop van Rome as Pous. 'n Eenheidsleiding was nood=saaklik veral sedert 410 toe die Keiser se mag in die Weste prakties uitgeskakel is. En net die biskop van Rome kan die lugleegte wat dit veroorsaak het vul. Die Pous neem nou die leiding van die keiser oor en bind die rykskerk deur dekrete aan Rome. Die grondtoon van die dekrete was dat geen biskop die mag het om die pouslike bevele eenkant te skuif nie. Die dekrete het die eerbied vir wet en orde verseker teenoor die anargie van die barbaarse invallers.

Innocentius I en Leo I het opgetree as verteenwoordigers van Christus wat die eenheidsbestaan van die kerk temidde van barbaarse anargie verseker het. Die dekrete het in beginsel ook die wêreldlike regering aan die Pous toegeken.

Die Pous, so kondig Innocentius I aan, bemoei hom net met groot sake, die minderes word deur die biskoppe en ander clerici, met volmag van die Pous afgehandel. Teen die pous se beslissinge is daar geen hoër beroep nie. Hy is die hoogste gesag. Bonifatius I verbied selfs 'n beroep op die Keiser as die Pous reeds beslis het (418).

Leo I, wat die hoofrol op die Sinode van Chalcedon speel in die veroordeling van Nestorius en Eutyches op die Sinode van Chalcedon 451, verstewig die aanspraak van die Pous. Die Oosterse kerk aanvaar nie die Pouslike gesag nie en bly Caesaro papisties, terwyl die ontredderde Weste onder die kragtige leiding van Leo I ook teoreties die oppergesag van die Pous aanvaar op die Sinode van Chalcedon.

Leo reël dan ook, op grond van Clemens se brief, die pouslike opvolging : Die Pous het in Cathedra Petri gekom. Hoe swak die Pous as persoon ook al mag wees, het hy alle mag gehad kragtens sy amp wat onaantasbaar verklaar is. Die Pous het van toe af die totaliteit van Petrus se mag, wat identies was met die mag van Christus, uitgeoefen. Die Pous is opperheer van die kerk. Leo I ken so die status van die 'Ou Romeinse monargie" aan die kerk toe. Die Pouslike Monargie is, anders as die wêreldse wat uit die geskiedenis voortvloei, uitvloeisel van n goddelike daad.

Leo I huldig nog die standpunt van Ambrosius. Omdat die Corpus Christianus sowel die wêreldlike ryk en die kerk omvat het die Keiser net kragtens die geskiedenis wat die ryk voortgebring het reg op die gebied van die wêreld. Die Pous het alleen reg op die kerk. Gaan dit om die ryk is die Keiser hoof en die Pous aan hom ondergeskik.

Gaan dit om die kerk is die Pous weer hoof en die Keiser aan hom ondergeskik.

Kerk en Staat is ook nog volgens Leo I en die Sinode van Chalcedon (451) twee selfstandige groothede. Leo I kan dan die eerste juridieserkende Pous genoem word. Met hom sluit die periode waarin die biskop van Rome om die primaat gestry het af en begin die periode van die Rooms Katolisme.

3.3.5.2.2 Vanaf Chalcedon tot Gregorius I (451-590)

Gregorius sou op die fondamente wat Leo I gelê het, die Roomskatolieke gebou oprig veral deur die Sending.

In die Ooste het Keiser Zenotrou aan die Oosterse tradisie, die besluite van Chalcedon op leerstellige sowel as kerkregtelike gebied

verwerp. Sonder selfs ŉ sinode byeen te roep vaardig hy in 482 die edik Henotikon uit vir die hele Romeinse Ryk (ŉ belydenis teen die van Chalcedon). Alle biskoppe wat daar nie mee saamgestem het nie, is afgesit en ander, onderdanig aan die Keiser, in hulle plekke benoem.

Hierdeur het die Keiser en Pous openlik in botsing gekom met mekaar. Die Patriarg, Acacius van Konstantinopel skaar hom aan die kant van die Keiser terwyl Gelasius van Rome die standpunt van Chalcedon stel. Die Pous besit die outoritas sacrata. Hy bepaal die belydenis, kerklike wetgewing en regering.

Gelasius laat reeds deurskemer dat hy eintlik ook die Keiser as ondergeskik aan die Pous sien. Die keiser het die hoogste mag in wêreldlike sake en hy is verplig om af te dwing wat die pous neergelê het. Die pous moet immers in die oordeel rekenskap gee van hoe die keisers hulle koninklike mag uitgeoefen het. Die keiser kry sy mag van God ten dienste van die kerk. Daarom is hy aan die Pous ondergeskik. Die keiser het net uitvoerende gesag. So steek die twee swaarde leer reeds teen die einde van die vyfde eeu kop uit. Ook loer die absolute onderworpenheid aan die pous reeds om die hoek. Gelasius verklaar dan dat Keiser Zeno geen gesag oor die biskoppe het nie en daarom ook is die Henotikon van 482 ongeldig.

In die praktyk het die westelike biskoppe alles gedoen om kerklike sake in hulle hande te hou en om soveel as moontlik ook wêreldlike gesag te bekom. Teenoor die Bizantynse ryk waar die Keiserlike oppergesag oor die kerk nie meer in geding was nie, moes in die weste, veral teenoor die Franke nog oortuigingswerk gedoen word vir die standpunt van Chalcedon. Hiertoe is die pseudo-Dionysius gebruik. Dit was ŉ geskrif wat afkomstig sou wees van Dionysius die leerling van Pualus hy voer die term hierargie in. Daar is ŉ rangorde in die kerklike en hemelse gemeenskappe kragtens ŉ instelling van God.

Dionysius (515) gaan dan in sy geskrif "Die kerklike rangorde" uit van die Neoplatoniese beskouing dat God oorsaak van alles wat bestaan is en dat Hy die kosmiese orde handhaaf waarin alles van hoog tot laag georden is. Alles wat bestaan, en dit geld ook in die

kerkregering, is trapsgewys georden vanaf die hoogste EEN tot die veelheid van die konkrete wêreld. (Vgl. Dr. J. Wytzes Pseudo Dionysius Areopagite. De Kerkelyke rangorde, Amsterdam 1953 (Vertaling van oorspronklike)).

In dieselfde tyd kom die oorlewering van die heilige Sylvester tot stand. Die dokument (opgestel ± 480-90) verklaar die verskuiwing van die hoofstad van die ryk na Bizantium (Konstantinopel) as die gevolg van die boetedoening van Konstantyn voor Biskop Sylvester. Hy sou hom naak voor die biskop neergewerp het, waarna die biskop hom sy koninklike waardigheid teruggegee het. Daarna het Konstantyn met die stilswyende goedkeuring van Sylvester na Bizantium vertrek om die stad, onder die naam Konstantinopel, die Ryks hoofstad te maak. Daarmee is gesuggereer, wat deur 'n verdere vervalsing in die 8ste eeu openlik gesê is, dat die Keiser eintlik sy koninklike waardigheid van die Pous ontvang. Konstantyn sou van sy kant ook die wêreldse mag aan die Pous toegeken het, dit is die sogenaamde donatio Constantini.

Wanneer Chlodovec die Frankiese Koning in 496 Rooms Katoliek word d.w.s. die geloof ooreenkomstig die bepaling van Rome bely, aanvaar hy die Monargale kerkregeringstelsel saam daarmee. In die praktyk verneder hy egter die Pous en handel asof die Bizantynse Caesaropapisme ook vir die Westelike kerk geld. Ook die Gote, wat Italië oorheers gedurende die sesde eeu, wat Ariane was, dwing die Caesaropapisme af op die Weste. Hulle stel wel vir Symachus aan as Pous, alhoewel hy die Westerse standpunt huldig. Tog moet hy hom prakties voeg na die Koning se bevele.

### 3.3.5.2.3 Vanaf Gregorius I (6e eeu) tot die Agtste eeu

Met Gregorius I begin die herlewing van die pouslike mag vanaf die einde van die 6e eeu.

Gregorius, gebore uit 'n Romeinse adelike familie, was opgelei in die Romeinse tradisie. As hy skielik in 590 biskop van Rome word, besef hy dadelik dat hy met die veranderde omstandighede moes rekening hou. Hy begin dan dadelik die guns van die nuwe heersers soek.

Hy probeer eers om die Bizantynse Keiser tot die Westerse standpunt oor te haal, maar slaag nie. Daarna het hy die Westerse kerk doelbewus op 'n eie pad gelei. So word hy die grondlegger van die Roomskatolisisme deur eers die kerke in die Weste deurmiddel van 'n uitgebreide sendingaksie kerklik aan sy gesag te onderwerp. Hy het homself eers in Italië by die kerkvolk geliefd gemaak en deur sy sendelinge, wat veral van die kloosterwese gebruik gemaak het, het hy die barbaarse volke vir die Romeinse beskawing probeer win. Spoedig het Gregorius sy gesag op kerklike gebied dwarsdeur die Weste laat geld. Hoe meer sy invloed in die Weste toegeneem het, hoe dieper het die kloof wat tussen die Oosterse en Westerse kerke reeds gegaap het, geword.

Gregorius gedra hom reeds gedurende die 6e eeu as heerser nie net teenoor die kerk nie, maar ook teenoor die vorste. Hy eis dat sy bevele uitgevoer word.
Hy sterf in 604 en dan taan die pouslike gesag weer onder sy vyf direkte opvolgers wat nie in staat was om die aansprake van Leo I, Gelasius I en Gregorius I in die praktyk te laat geld nie.

Gedurende die 7e eeu het politieke omwentelinge in Italië weer die hoop laat opvlam vir 'n hereniging tussen Oos en Wes. Dit slaag egter nie en die Caesaro-papisme moet die vlag stryk.

Terselfdertyd het die Westerse vorste die kerk nodig gehad en is die Pous as erfgenaam van Petrus met groot eerbied bejeën. Die pouslike invloed neem in Friesland en Noord-Duitsland veral toe deur die optrede van Sendeling Willibrorde en in Oos-Duitsland deur die werk van Winifred (Bonifatius) 722. Die Bizantynse keiser kan in die tyd lankal nie meer sy mag in die weste effektief maak nie. Gevolglik eindig die tydperk met die praktiese definitiewe skeiding tussen Oos en Wes. Die Germaanse en Frankiese vorste steun die Pous in die tyd getrou in sy stryd teen die Bizantynse keiser. Dit het die toekoms vir die Pousdom verseker in die Weste.

3.3.5.2.4 <u>Die agste tot die tiende eeu</u>

Aan die begin van die agste eeu word dit vir Pous Gregorius II noodsaaklik om die provinsie Italië - die kerklike staat - openlik

......../63

onafhanklik van die Bizantynse ryk te verklaar. Indien Italië, soos dit teoreties was, by die Bizantynse ryk sou hoort, kan die Pous nie vanuit 'n ander setel in Weste sy pretensie van erfgenaam van Petrus te wees laat geld nie. Die erfgenaam is gebonde aan Rome. Met hulp van Peppyn die Korte nadat sy vader Karel Martel geweier het, slaag Gregorius II daarin om Italië onafhanklik van die Keiser te verklaar. Die Pous help weer vir Peppyn om die Merovingiese Koningshuis omver te werp. Peppyn neem dan self die koningstroon. Hy laat homself in 750 met Pouslike steun deur die verklaring dat die koningskap toekom aan hom wat dit uitoefen en daarom aan Peppyn, tot koning uitroep en 'n jaar later salf die Aartsbiskop van Friesland, Bonifatius, hom as koning.

Daarmee is die pouslike aanspraak dat die koning sy gesag van die Pous kry verstewig. Die gedagte kom nog meer op die voorgrond toe Karel die Grote deur die Pous Leo III tot keiser van die Romeinse Ryk gekroon is. Karel die Grote sou dan die wettige opvolger van die Romeinse keisers wees (800). Gedurende die 9e eeu het die leer dat kragtens die donatio Constantini die Pous weer die wêreldlike mag aan die Keiser teruggegee het om te Konstantinopel uit te oefen, vaste voet in die Weste gekry. Die keiser is deur God as instrument tot die beskerming van die Christendom gegee. Die salwing was die sakrament wat die keiser besondere genade vir sy taak verleen het.

Karel aanvaar nie die standpunt nie, maar dit loop in sy tyd nog nie op 'n botsing uit nie omdat keiser en pous mekaar nodig gehad het.

Die Pous het van sy mag aan die biskoppe in die Frankiese ryk gedelegeer en hulle het prakties die gesag in die bisdomme verkry. Hoewel hulle net aan die Pous verantwoording verskuldig was en net deur hom aangestel of afgesit kan word, het die konings, en landhere, wat die geleerde biskoppe ook in die landsregering gebruik het, na willekeur aangestel en afgesit.

Die gevolg was dat die biskoppe deur 'n vervalsing van pouslike en sinodale dekrete onder die naam van Isidorius van Sevilla, hulle onafhanklikheid en selfs meerderwaardigheid teenoor die wêreldse magte wou bewys. Dié versameling van vervalste kerklike wette,

uitgegee in die 9e eeu (845-853) word genoem die Pseudo-Isidoriese versameling.

Daarin kom die aansprake genoem in die brief van Clemens I aan Jakobus weer op die voorgrond. Die pouslike mag werk nou egter as gedelegeerde mag deur die biskoppe. Daarom het biskoppe dieselfde immuniteit as die Pous. Niemand, behalwe die pous kan hulle oordeel nie. Aanklagte van biskoppe deur leke was onmoontlik. Verder word beweer dat alleen besluite van n Sinode wat deur die Pous saamgeroep is, is regsgeldig.

Voorts lê die Pseudo-Isidoriese wette nadruk op die hiërargiese ordening van sowel die kerk as die samelewing - dit weer ooreenkomstig die Pseudo-Dionysius geskrifte.

Deur die vervalsde Kanonieke reg is voorgegee dat die Pous alleen maar opeis wat lankal aan hom gegee is.

Pous Nicholas I, n sterk figuur, gebruik die Pseudo-Isidoriese wette om onvoorwaardelike onderwerping van alle biskoppe en vorste aan hom te eis. Die hele godsdienstige sowel as die sosiale orde van die wêreld rus op die Pous. Beide pretensies wil hy verwerklik deur sy optrede teen Photius van Konstantinopel, wat deur die keiser in die plek van Ignatius tot patriarg verhef is. Photius is nie deur die pous benoem nie, daarom kan hy nie erken word nie. Die saak veroorsaak die finale breuk tussen Oos en Wes. Kort voor sy dood dreig Nicholas ook n koning met afsetting en ekskommunikasie. Hy sterf egter voor hy sy dreigement kon uitvoer. Vir Nicholas is die Pous se Woord God se Woord. Die Pous is die plaasvervanger (Vicaris) van Christus en die orgaan van die Heilige Gees en dus onfeilbaar.
Teen die einde van die 9e eeu het die Pous deur die invalle van die Mohammedane in Italië en van die Noormanne in Wes-Europa, in die engtes gekom. Hy kan nêrens hulp kry nie. Gevolglik het die Pous in die 10e eeu weer die speelbal van die adelike huise in Rome geword. Die Pouse het ook nie meer die agting van die publiek geniet, vanweë die korrupsie en immoraliteit wat eie geraak het aan die pouslike hof. Die Pouse van lae karakter het mekaar vinnig opgevolg teen die einde van die negende en begin tiende eeu.

Die Pousdom het sy laagste punt gedurende die 10e eeu beleef. Die diepgewortelde eerbied vir die Pous, as erfgenaam van Petrus wat gehoorsaam moet word ongeag sy persoon, was die enkele faktor wat die Pousdom in die 10e en elfde eeu staande gehou het.

3.3.5.2.5 Die herstel van die Pouslike mag

Eers toe Nicholas II in die elfde eeu Pous geword het, het die pousdom uit sy vernedering begin verrys. Hy gebruik die Lateraanse konsilie van 1059 om sy gesag onbetwisbaar te stel en bring so 'n nuwe element in die stryd na vore : die Konsilie.

Die Konsilie bepaal dat die verkiesing van die pous deur die kardinale en geestelikes moes geskied na voorafgaande beraad van die kardinale.

Voorts word vaagweg aangedui dat die Duitse Vors Hendrik IV en sy opvolgers met agting bejeën moet word.

Ook wil die Lateraanse konsilie 'n einde maak aan die leke investituur, wat deur Karel Mattel en Karel die Grote begin is en wat weer vanaf Otto I, gebruik geword het. Die slaafse band wat die Pous aan die Duitse vors gebind het is deurgeknip. Die praktiese uitvoering van die besluit sou eers later in die 11de en 12e eeue volle aandag kry.

Die Lateraanse konsilie gee ook 'n baie groter betekenis aan die Kardinaalskollege. Hulle is eers deur Leo IX benoem om hom van raad te bedien. Die konsilie verhef die Kollege egter tot 'n soort ministersraad of senaat wat saam met die Pous die hoogste regeerliggaam van die Christendom sou wees.

Hierdie besluit het die Pouslike gesag vinnig laat herstel.
Vanaf Leo IX is manne van hoë aansien rondom die Pous vergader en deur van hulle as legate oral in die belangrikste stede aan te stel het die Pous sy verlore mag spoedig herwin. Veral Kardinaal Hildebrand knap die pouslike organisasie so op dat die pouslike hof verander tot die sentrale regering van Wes-Europa toe die keiserlike mag getaan het, veral onder regentes Agnes.

Toe die Noormanne Italië binnegeval het, het die Pous ook 'n leër

tot sy beskikking gekry. Hildebrand bewerk in 1059 vrede met die Noormanne waardeur hulle vorste tegelyk Vasale van die Roomse kerk geword het. Die gebiede wat hulle in Italië beset het is in leen aan hulle deur die pous afgestaan. Vrug van hierdie organisasie was dat die pouslike hof tot in die 14e eeu een van die magstigste feadale hove in Europa was.

3.3.5.2.6 <u>Die Investituur stryd (1060-1225)</u>
Pous Alexander II het die besluit teen die investituur streng begin toepas en so die pous betrek in die politiek van die dag.

Om die oppergesag van die keisers af te skud moes bondgenote verkry word. Daarom kies Alexander die patarini (ou klere handelaars) se kant teen die rykes en regeerders. Dit loop uit op ꞌn openlike botsing met Hendrik IV onder leiding van Hildebrand. Deur meesterlike beplanning slaag Hildebrand daarin om die meeste Europese vorste teen die helfte van die elfde eeu in ꞌn meerdere of mindere mate van die pous afhanklik te maak.

As Alexander II in 1073 sterf volg Kardinaal Hildebrand hom op as Gregorius VII. Hy bou voort op die fondamente wat hy as kardinaal gelê het en handel as erfgenaam van Petrus. Hy sny die bande wat hom aan die Duitse vors bind finaal af en pas die Lateraanse besluite toe. Die priester huwelike, Simonie en leke investituur is afgeskaf. Hy ontneem die biskoppe, Metropoliete en provinsiale sinodes die reg om wette te maak - ꞌn reg wat hulle as aangesteldes van die Vors gehad het.

Gregorius VII kondig die absolute verhewenheid van die pous bo elke aardse of kerklike mag af. Hy verhef hom nou dus ook anders as Innocentius, bo die konsilie. Hy beskou hom ook as wêreldlike hoof. Die pous alleen bepaal wat reg is. Wat hy beveel het goddelike sanksie en absolute gehoorsaamheid is aan hom verskuldig. Hy is sowel die geïnkarneerde Petrus as Paulus.

Vir die aansprake op Spanje, Sardonië en Corsica beroep Gregorius hom, net soos sy voorgangers Leo I, Gregorius I, Nichclas I en II, op die donatio Constantini, waardeur die gebiede aan Sylvester I gegee is.

Hy dreig konings wat sy sin nie wil doen nie met afsetting en die ban. Konings kry immers hulle mag van die pous. Die pous is Morarg, so verklaar Gregorius VII, met 'n allesomvattende jurisdiksie.

Gregorius gebruik die Pseudo-Isidoriese weergawe van die sinodale en pouslike dekrete soos versamel deur Kardinaal Humbert in die elfde eeu, vir sy regering. Dit is verder uitgebou teen die einde van die elfde eeu om so aan die Kanonieke reg sy skriftelike beslag te gee. Die wette was die Kanon, die Norm, vir die regte Christelike lewe.
Volgens die kanonieke reg is deur Gregorius VII o.a. bepaal:

1. die pous is die universele biskop wat nie plaaslik gebonde is nie, maar oral na goeddunke kan ingryp;

2. die pous kan almal oordeel maar hy word deur niemand geoordeel nie;

3. hy kan biskoppe aanstel, verplaas en afsit na goeddunke;

4. hy alleen kan wette uitvaardig vir die hele kerk;

5. hy alleen kan bisdomme verdeel of verenig en nuwe abskappe skep;

6. hy het die reg om algemene konsilies saam te roep en om alle sinodes deur sy legate te presideer;

7. die pous moet sinodale besluite eers goedkeur voordat hulle regskrag het;

8. hy gee finale uitspraak in alle sake; dit kom daarop neer : papa dixit, Causa finita est.

In die afdeling oor die pous se seggenskap oor vorste het Gregorius bepaal:

(1) die pous het reg om keisers af te sit;

(2) hy kan onderdane van hulle eed van trou aan hulle heersers onthef;

(3) hy kan eis dat keisers sy voete soen;

(4) die pous alleen het reg om as Monarg imperiale kentekens te dra.

Voorts lê hy in 'n volgende hoofstuk as kanonieke reg neer (1) dat die pous onmiddellik na aanvaarding van sy amp 'n heilige word wat mag het om effektief op aarde en in die hemel te bind en te ontbind; (2) dat die Roomse Kerk nie kan dwaal nie en nog nooit gedwaal het nie, want die Roomse kerk is die enigste wat deur Christus opgerig is. Daarom kan die pous ook nie dwaal nie.

Deurdat die Duitse reg deur die Kanonieke reg verdring is het Gregorius VII die pousdom tot sy hoogtepunt gevoer. Wat Leo I, Gregorius I en Nicholas I as ideaal gestel het, het Gregorius VII kon afdwing.

Die pouslike mag beleef nie net sy hoogste glorie onder Gregorius VII te Connossa toe hy Hendrik IV voor hom verneder het nie, maar ook weer die begin van 'n nuwe vernêdering eers onder dieselfde Hendrik IV en daarna onder die Sinode van Worms (11e eeu) wat die pous onder die konsilie plaas.

Gregorius VII sterf uiteindelik as 'n eensame by sy vriende, die Noormanne, waarheen hy in 1084 gevlug het om vir Clemens II plek te maak.
Innocentius III en Bonifatius VIII (1302) sou daarna weer iets van die pouslike glorie weerspieël maar die keiser het die magtigste geblyk in die stryd teen die pous. Daarmee moes die kanonieke reg ook plek maak vir die Romeinse reg, wat by die tye aangepas is en in die Universiteite geleer is.

Gedurende die 12e eeu neem die pouslike mag weer wat wêreldlike sake betref af. Urbonus II e.a. kry dit egter nog reg om die keiser se seggenskap uit kerklike sake te hou. Die ou toedrag van sake keer ook weer terug waarin die Pous 'n speelbal van veral die Italiaanse Aristokrasie was.

Die gevolg was dat gedurende die 12e en 13e eeue die pousdom maar weer deur korrupsie en sedeloosheid in magteloosheid verval het. Die pouslike setel is selfs in die 14e eeu vir byna 70 jaar na Avignon in Frankryk verplaas (1309-1377) met die gevolg dat daar dikwels meer as een pous gelyktydig opgetree het. Die pôuse was weer

verag. Die Sinode van Konstans (1415) bepaal dat die kerklike mag nie aan die pous nie maar wel aan die Konsilie behoort. Die pous is aan die Konsilie onderworpe. Dit het weer 'n nuwe stryd ontketen tussen pous en konsilie wat tot met die reformasie voortduur.

70/...